**Plak asseblief die strepieskode-etiket hier**

**TOTALE PUNTE**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# EKONOMIE

**EKSAMENNOMMER**

Tyd: 3 uur 300 punte

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 36 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. **Alle vrae is verpligtend.**
   AFDELING A: Vraag 1
   AFDELING B: Vraag 2, 3, 4 en 5
   AFDELING C: Vraag 6
4. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die blokkies hierbo in te vul.**
5. Beantwoord vrae, waar moontlik, puntsgewys maar in volsinne. 'n Sistematiese aanbieding van feite word vereis.
6. Die is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
7. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word. (Rond af tot TWEE desimale punte.)
8. Moet asseblief **nie met 'n potlood skryf nie**, aangesien werk in potlood nie nagesien sal word nie. Enige sketse of diagramme kan egter in potlood gedoen word.
9. Twee skoon bladsye (bladsy 35 en 36) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy nie meer plek vir 'n antwoord het nie, gebruik hierdie bladsye. Dui duidelik die nommer van jou Antwoord aan indien jy hierdie ekstra ruimte gebruik.

**Puntetoekenning**

| V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| **50** | **50** | **50** | **50** | **50** | **50** | **300** |

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A

## VRAAG 1

50

**Kies die MEES korrekte opsie vir Vraag 1.1 tot 1.20 en skryf die letter wat met jou keuse ooreenstem in die blok hieronder.**

| | |
|---|---|
| 1.1 | |
| 1.2 | |
| 1.3 | |
| 1.4 | |
| 1.5 | |
| 1.6 | |
| 1.7 | |
| 1.8 | |
| 1.9 | |
| 1.10 | |
| 1.11 | |
| 1.12 | |
| 1.13 | |
| 1.14 | |
| 1.15 | |
| 1.16 | |
| 1.17 | |
| 1.18 | |
| 1.19 | |
| 1.20 | |

10 × 2 = 20

10 × 3= 30

IEB Copyright © 2024

1.1 Watter sakesiklusaanwyser sê vir ons waar die ekonomie was?

A Leidende aanwyser
B Sloerende aanwyser
C Saamvallende aanwyser
D Ekstrapolasie-aanwyser (2)

1.2 **Identifiseer** die aandelebeurs van Groot Brittanje.

A Nikkei
B CAC
C DAX
D FTSE (2)

1.3 Watter tipe inflasie kom voor wanneer pryse teen 'n dalende koers styg?

A Deflasie
B Hiperinflasie
C Disinflasie
D Stagflasie (2)

1.4 Wat sal 'n **verskuiwing** in die vraag na 'n nuwe selfoon veroorsaak?

A 'n Verandering in die produksiekoste van die nuwe selfoon.
B 'n Verandering in die prys van die nuwe selfoon.
C 'n Groter verskeidenheid en die nuutste funksies op die nuwe selfoon.
D 'n Spesifieke belasting wat op die nuwe selfoon gehef word. (2)

1.5 Watter EEN van die volgende word as 'n makro-ekonomiese oogmerk van die Suid-Afrikaanse regering beskou?

A Prysstabiliteit.
B Gelyke geleenthede vir alle burgers.
C Ekonomiese ontwikkeling.
D 'n Groter hoeveelheid invoere. (2)

1.6 **Kies** die vier afdelings wat die lopende rekening van die Betalingsbalans (BB) uitmaak:

A Handel in goedere, Handel in dienste, Primêre inkomstevloei en Lopende oordragte.
B Direkte beleggingsvloei, Handel in dienste, Lopende oordragte.
C Handelsbalans, Onopgetekende transaksies, Kapitaaloordragte, Amptelike reserwerekening.
D Warmgeld, Handel in goedere, Primêre inkomstevloei, Lopende oordragte. (2)

IEB Copyright © 2024 

1.7 Bestudeer Diagram 1 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Diagram 1: Sakesiklus**




Letters A, B en C in Diagram 1 hierbo verteenwoordig …

A **A:** Tendenslyn **B:** Piek **C:** Trog.
B **A:** Ekonomiese Aktiwiteit (Reële BBP) **B:** Piek **C:** Trog.
C **A:** Tyd **B:** Trog **C:** Piek.
D **A:** Ekonomiese aktiwiteit (Reële BBP) **B:** Trog **C:** Piek. (2)

1.8 Wanneer die inkomste-elastisiteit van vraag vir 'n produk negatief is, impliseer dit dat die produk 'n … is.

A normale produk
B substituutproduk
C komplementêre produk
D minderwaardige produk (2)

1.9 Die bankbedryf in Suid-Afrika is 'n goeie voorbeeld van 'n …

A monopolie.
B volmaakte markstruktuur.
C oligopolie.
D duopolie. (2)

1.10 'n Kartel verwys na …

A firmas wat dieselfde produkte of dienste aan verskillende groepe verbruikers teen verskillende pryse verkoop.
B 'n paar firmas of individue wat saamspan om die prys van 'n produk of diens te manipuleer om 'n voordeel in die mark te bekom.
C baie firmas wat saamwerk om 'n mark of prysbepaling tot hul voordeel te beïnvloed.
D 'n kommissie wat beperkende sakepraktyke ondersoek, beheer en evalueer. (2)

IEB Copyright © 2024

1.11 Bestudeer Bron 1 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Bron 1: Inflasie**




Watter tipe inflasie word in Bron 1 hierbo geïllustreer?

A deflasie
B hiperinflasie
C stagflasie
D krimpflasie (3)

1.12 **"Na 'n prysverhoging van R10 tot R11 het die hoeveelheid wat gevra is van 1000 eenhede tot 900 eenhede gedaal."**

Bereken die pryselastisiteit van vraag (PEV) met behulp van die boogmetode.

A –1,11 wat die produk elasties maak.
B 0,90 wat die produk onelasties maak.
C 0,98 wat die produk onelasties maak.
D 0 wat die produk elasties maak. (3)

1.13 Oor 'n tydperk verander die waarde van die Britse pond (£) teen die Suid-Afrikaanse rand (R) van £1 = R20 tot £1 = R24. Ceteris paribus, dit sal waarskynlik … tot gevolg hê.

A 'n daling in Suid-Afrika se begrotingstekort
B meer Suid-Afrikaanse toeriste wat die Verenigde Koninkryk besoek
C VK-produkte wat duurder in Suid-Afrika word
D 'n laer inflasiekoers in Suid-Afrika (3)

IEB Copyright © 2024 

1.14 Bestudeer Tabel 1 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Tabel 1: Koste en inkomste**

| Hoeveelheid | Prys | Totale koste | Totale inkomste | Marginale inkomste | Wins |
|---|---|---|---|---|---|
| 0 | 6 | 10 | 0 | | |
| 1 | 6 | 11 | 6 | | |
| 2 | 6 | 13 | | | |
| 3 | 6 | 16 | | | **C** |
| 4 | 6 | 20 | | **B** | |
| 5 | 6 | 25 | | | |
| 6 | 6 | 31 | **A** | | |
| 7 | 6 | 36 | | | |

**Bereken** die ontbrekende waardes vir A, B en C.

A **A:** 5 **B:** 6 **C:** 10
B **A:** 36 **B:** 6 **C:** 2
C **A:** 36 **B:** 4 **C:** 2
D **A:** 5 **B:** 4 **C:** 10 (3)

1.15 Indien die Suid-Afrikaanse regering indirekte belasting (BTW) verhoog, sal die waarskynlike effek … wees.

| | Vraaginflasie | Kostedrukinflasie |
|---|---|---|
| A | styg | styg |
| B | styg | daal |
| C | daal | daal |
| D | daal | styg |

(3)

1.16 Hierdie lande is deel van SADU (die Suider-Afrikaanse Doeane-unie).

A Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Zimbabwe en Mosambiek.
B Lesotho, Zimbabwe, Eswatini, Seychelle en Namibië.
C Suid-Afrika, Mauritius, Lesotho, Zimbabwe en Mosambiek.
D Suid-Afrika, Botswana, Eswatini, Lesotho en Namibië. (3)

IEB Copyright © 2024

1.17 Bestudeer Tabel 2 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Tabel 2: Nasionale Rekeninge vir "Land X"**

| Nasionale Rekeningkundige Totale 2023 | Miljoene |
|---|---|
| BBP teen markprys | ? |
| Primêre inkomste van die res van die wêreld | 50 201 |
| Primêre inkomste aan die res van die wêreld | 122 708 |
| BNI | 3 884 188 |

**Die waarde van die BBP teen markprys in Tabel 2 is …**

A 3 811 681.
B 2 918 179.
C 3 956 695.
D 4 057 097. (3)

1.18 Watter een van die volgende opsies onderskei merietegoedere, nie-meriete goedere (merieteslegtes) en Publieke goedere?

| | Merietegoedere | Nie-meriete goedere | Publieke goedere |
|---|---|---|---|
| A | Onderverbruik in 'n vrye mark | Oorverbruik in 'n vrye mark | Nie-uitsluitbaar |
| B | Meeloperprobleem | Onderverbruik | Geen meeloperprobleem nie |
| C | Suiker | *Vapes* | Onderwys |
| D | Regeringsregulasies en -wette | Regering kan subsidies verskaf | Deur die privaat sektor verskaf |

(3)

1.19 Bestudeer Tabel 3 en beantwoord die vraag wat volg.

**Tabel 3: Inspuitings en Lekkasies**

| | R Miljarde |
|---|---|
| Belegging | 154 |
| Uitvoere | 162 |
| Belasting | 334 |
| Spaargeld | 291 |
| Invoere | 152 |
| Staatbesteding | 726 |

**Die totale inspuitings vir Tabel 3 hierbo is …**

A R1 819 biljoen.
B R1 042 biljoen.
C R777 miljard.
D R1 501 biljoen. (3)

IEB Copyright © 2024 

1.20 Bestudeer Diagram 2 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Diagram 2: Kringloopmodel**




Letters A, B en C in Diagram 2 hierbo verteenwoordig …

A **A:** Finansiële mark **B:** Regering **C:** Produksiefaktore.
B **A:** Mark vir goedere en dienste **B:** Regering **C:** Inkomste.
C **A:** Mark vir goedere en dienste **B:** Firmas **C:** Vergoeding vir produksie-faktore.
D **A**: Finansiële mark **B:** Besighede **C:** Betaling vir produksiefaktore.

(3)

**50 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING B

## VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE

2.1 Bestudeer Tabel 4 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Tabel 4: Suid-Afrika se BBP 2021 en 2022 teen huidige pryse**

| Items | 2021<br>R miljoen | 2022<br>R miljoen |
|---|---|---|
| Finale verbruiksbesteding deur huishoudings | 3 838 229 | 4 209 539 |
| Finale verbruiksbesteding deur die staat | 1 201 482 | 1 269 160 |
| **A** | 818 549 | 941 944 |
| Veranderings in voorraad | –8 613 | 77 445 |
| Reserwe items | –21 957 | **C** |
| **B** | **5 827 690** | **6 494 909** |
| **D** | 1 931 635 | 2 223 113 |
| *Minus:* Invoere van goedere en dienste | **E** | 2 089 471 |
| **BBP teen markpryse** | **6 208 786** | **6 628 551** |

[Bron: <https://www.resbank.co.za>]

2.1.1 **Beskryf** die volgende ekonomiese terme in Tabel 4 hierbo.

(a) *Verandering in voorraad*

_____

_____

(2)

(b) *BBP teen markpryse*

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024 

2.1.2 **Bereken** Bruto Kapitaalvorming (I) vir 2022.

**2022:**

(3)

2.1.3 **Voltooi** letters A tot E. (Jy hoef nie jou berekenings te toon nie.)

A: _____

B: _____

C: _____

D: _____

E: _____

(5)

2.1.4 **Gebruik** die syfers in Tabel 4 om die ekonomiese groeikoers vir 2022 te **bereken.** (Sluit die formule by jou berekenings in.)

**2022:**

(5)

IEB Copyright © 2024

2.2 **"Afrika-VSA-handel: AGOA-ooreenkoms verval in 2025"**

[Bron: <http//theconversation.com>]

2.2.1 **Skryf** volledig uit waarvoor die akroniem AGOA staan.

(1)

2.2.2 **Lys** TWEE lande naas Suid-Afrika wat deel van die AGOA-handels-ooreenkoms uitmaak.

(2)

2.2.3 **Ontleed** die potensiële handelsimpak op die Suid-Afrikaanse ekonomie wanneer AGOA in 2025 tot 'n einde kom.

(4)

2.3 **Verduidelik** met voorbeelde die DRIE afdelings van die Finansiële Rekening van Betalingsbalans (BB).

(a) Direkte Beleggingsvloei

(4)

(b) Portefeuljebeleggings

(4)

(c) Warmgeld of ander beleggings

(4)

IEB Copyright © 2024

2.4 Bestudeer Grafiek 1 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Grafiek 1: Saamgestelde sakesiklusaanwysers**




[Bron: <https://www.resbank.co.za>]

2.4.1 **Beskryf** die volgende ekonomiese konsepte:

(a) Sakesiklus

_____

_____

(2)

(b) Resessie

_____

_____

(2)

2.4.2 **Gee** TWEE voorbeelde van leidende aanwysers in 'n ekonomie.

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024 

2.4.3 **Ontleed** wat die leidende aanwysers van 2021 tot 2022 in Grafiek 1 vir ons sê oor die Suid-Afrikaanse ekonomie met betrekking tot die sakesiklus.

(4)

2.4.4 Gebruik 'n voorbeeld om te **bespreek** hoekom dit belangrik vir ekonomiese agente is om die toekomstige pad van die ekonomie te voorspel.

(4)
**[50]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

3.1 Bestudeer die opskrif hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Opskrif 1: Mededingingskommissie se randmanipulasiesaak teen die meerderheid van die banke**

**Suid-Afrika se randmanipulasie-saak val uitmekaar**




[Bron: <https://businesstech.co.za>]

3.1.1 Na watter onvolmaakte markstruktuur verwys die nuusopskrif hierbo?

(1)

3.1.2 **Bespreek** SLEGS die negatiewe impak van prysvasstelling op die ekonomie.

(4)

3.1.3 **Verduidelik** enige TWEE onlangse gevalle van prysvasstelling wat deur die Mededingingskommissie van Suid-Afrika ondersoek is buiten die opskrif hierbo.

(4)

3.1.4 **Verduidelik** breedvoerig jou begrip van Opskrif 1.

(6)

3.2 Bestudeer Prent 1 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Prent 1: 'n Paar van die hoofspelers in die tekkiekleinhandelsektor in SA**




[Bron: <https:// logos-world.net>]

3.2.1 **Vergelyk** ENIGE VIER kenmerke van monopolistiese mededinging met die bedryf wat in Prent 1 uitgebeeld word.

IEB Copyright © 2024

(12)

3.2.2 **Verduidelik** of dit akkuraat is om die tekkiekleinhandelsektor in SA as 'n monopolistiese markstruktuur te klassifiseer.

(4)

3.3 **Verduidelik** die volgende oorsake van markmislukking en bespreek duidelik met EEN toepaslike voorbeeld die **potensiële sukses** van die Suid-Afrikaanse regering se ingryping.

(a) Negatiewe eksternaliteite

(4)

(b) Merietegoedere

(4)

3.4 **"Die prys van 'n 10 kg-sak bevrore hoenderporsies het van 4% tot 6% gestyg en hoeveelheid wat gevra is verander van 36 kg tot 29 kg jaar tot jaar."**

[Bron: Aangepas uit: <https://www.farmersweekly.co.za>]

3.4.1 **Bereken** die pryselastisiteit van vraag na bevrore hoenderporsies.

(3)

IEB Copyright © 2024

3.4.2 **Beskryf** *ceteris paribus* die wet van vraag en die wet van aanbod.

(4)

3.4.3 Gebruik 'n duidelike benoemde vraag-en-aanbod-grafiek om die uitwerking van die styging in die prys van bevrore hoenderporsies op die **vraag** na vars, goedkoper hoenderporsies te illustreer.



(4)
**[50]**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 'n Ekonoom is 'n ekonomiese adviseur vir 'n ontwikkelende nasie wat met verskillende ekonomiese uitdagings worstel. Die regering oorweeg dit om etlike beleidsmaatreëls te implementeer ten einde aan hierdie kwessies aandag te gee. Pas elke beleids-maatreël of ekonomiese konsep (in Kolom A gelys) by die potensiële impak of gevolge (in Kolom B gelys).

| Antwoord | Vraag-nommer | Kolom A | Letters | Kolom B |
|---|---|---|---|---|
| | **4.1.1** | Ekonomiese ontwikkeling | **A** | Bereken verbruikersinflasie deur die uitwerking van rentekoerse op huislenings uit te sluit. |
| | **4.1.2** | PPI | **B** | Kompromie tussen inflasie en werkloosheidskoerse, wat die omgekeerde verhouding tussen die twee illustreer. |
| | **4.1.3** | Phillips-kromme | **C** | Toename in die produktiewe vermoë van 'n ekonomie van een tydperk tot die volgende. |
| | **4.1.4** | Regressiewe belasting | **D** | 'n Meting van inflasie op groothandelvlak wat produksiekoste en uiteindelik verbruikerspryse beïnvloed. |
| | **4.1.5** | Privatisering | **E** | Kromme toon die moontlike verhouding tussen inkomstebelasting en die totale belastinginkomste wat deur die regering ontvang word. |
| | | | **F** | Verhoogde inkomste-ongelykheid en potensiële maatskaplike onrus weens buitensporige las op lae-inkomste-verdieners. |
| | | | **G** | Oordrag van ondernemings in staatsbesit na private eienaarskap, kan moontlik tot verhoogde doeltreffendheid lei, maar ook kommer oor toeganklikheid en billikheid. |
| | | | **H** | Wanneer die marginale belastingkoers styg namate inkomste styg, d.i. wanneer mense meer inkomste verdien, styg die belastingkoers op elke ekstra rand wat verdien word. |
| | | | **I** | Vordering in menslike welstand en maatskaplike aanwysers soos BBP per kapita, geletterdheidkoerse en lewensverwagting. |

(10)

IEB Copyright © 2024

4.2 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Prent 2: Inflasie**







4.2.1 **Beskryf** die ekonomiese term *inflasie.*

(2)

4.2.2 Gebruik jou kennis van die ekonomie en gee 'n toepaslike rede vir die inflasie wat in Prent 2 uitgebeeld word.

(2)

4.2.3 **Bereken** die inflasiekoers vir 'n Big Mac Medium Maaltyd.

**2024:**

(4)

IEB Copyright © 2024 

4.2.4 **Bespreek** vraaginflasie as 'n oorsaak van inflasie.

(6)

4.2.5 **Evalueer** die uitwerking van inflasie op besighede.

(8)

IEB Copyright © 2024

4.3 **Verduidelik** die doel van die volgende maatskaplike aanwysers en hoe hulle gebruik kan word om die prestasie van die ekonomie te meet.

(a) Gini-koëffisiënt

(4)

(b) Lewensverwagting

(4)

(c) BBP per kapita

(4)

4.4 **"Suid-Afrika se Gini-koëffisiënt by 0,63"**

**Verduidelik** DRIE maniere waarop die regering die Gini-koëffisiënt kan verbeter.

(6)
**[50]**

## VRAAG 5 GEMENGDE VRAE

5.1 Bestudeer Grafiek 2 en beantwoord die vrae wat volg.

**Grafiek 2: Die vermenigvuldigerproses**




5.1.1 **Beskryf** die ekonomiese term *vermenigvuldigereffek.*

(2)

5.1.2 **Bereken** die vermenigvuldiger vir Grafiek 2 hierbo (toon al jou berekenings, insluitend die formule).

(4)

5.1.3 **Verduidelik** met behulp van 'n voorbeeld hoe die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) die vermenigvuldiger kan beïnvloed.

(4)

IEB Copyright © 2024

5.2 **Gebruik** slegs 'n grafiek om die verhouding tussen belastingkoerse en belasting-inkomste te verduidelik.

(4)

5.3 Bestudeer Bron 2 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Bron 2: Belastings**




[Bron:<https://www.engineeringnews.co.za/article/carbon-tax-will-help-lower-south-africas-emissions-study-shows>]

5.3.1 **Verduidelik** of "koolstofbelasting" 'n direkte of indirekte belasting is.

(2)

5.3.2 **Beskryf** hoekom Bron 2 na Suid-Afrika as 'n ontwikkelende ekonomie verwys.

(2)

5.3.3 **Verduidelik** hoekom die Suid-Afrikaanse regering sal ingryp om so 'n belasting in te stel.

(4)

5.3.4 Gebruik 'n volledig benoemde vraag-en-aanbod-grafiek om die langtermyn-impak van koolstofbelasting deur die regering op die mark vir petrol in Suid-Afrika te **demonstreer**.

(5)

IEB Copyright © 2024

5.4 **Verduidelik** met voorbeelde DRIE lande wat die DRIE verskillende wisselkoers-stelsels van die wêreld gebruik.

(12)

5.5 Uittreksel 1:

**"Suid-Afrika se stabiele vooruitsig. Onwankelbaar deur begroting, sê Moody's."**

[Bron: <https://www.bloomberg.com/news/articles/2023-11-02/south-africa-s-stable-outlook-unshaken-by-budget-moody-s-says>]

5.5.1 **Lys** EEN ander voorbeeld van 'n agentskap soortgelyk aan "Moody's".

(1)

5.5.2 Verwys na Uittreksel 1 hierbo en verduidelik **waarna** "Moody's" verwys.

(2)

5.5.3 Verwys na Uittreksel 1 hierbo en **evalueer** in watter mate "Moody's" se mening 'n risiko vir die Suid-Afrikaanse ekonomie inhou.

(8)
**[50]**

**200 punte**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING C

## VRAAG 6 DATA-RESPONS

6.1 Bestudeer Bron 3 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Bron 3: Daar word voorspel dat ses van die top-10 presterende ekonomieë in die wêreld in 2024 van Afrika suid van die Sahara sal kom, volgens die IMF**




[Bron: <https://www.moneyweb.co.za/news/africa/african-nations-dominate-top-10 economic-growth-spots-in-2024>]

6.1.1 **Skryf** volledig uit waarvoor die akroniem IMF staan.

_____

(1)

6.1.2 **Beskryf** die volgende ekonomiese terme:

(a) Ekstrapolasie

_____

_____

(2)

(b) BBP

_____

_____

(2)

6.1.3 Verwys na Bron 3 en **evalueer** die **mate** waarin die toekomstige ekonomiese groei van Suid-Afrika vir 2024 na 'n verbetering in ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika kan lei.

(8)

IEB Copyright © 2024

6.1.4 Gebruik 'n grafiek van totale vraag en totale aanbod en 'n verduideliking om die effek van 'n uitbreidende fiskale beleid op die aanbod van die ekonomie te illustreer.



(12)

6.2 Bestudeer Bron 4 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Bron 4: BBP-vergelykings**




6.2.1 Gebruik jou algemene kennis om aan te dui in watter jaar die **nuwe** lande amptelik by BRICS aangesluit het.

_____

(1)

6.2.2 'n Finansiële adviseur beveel aan dat kliënte van hulle geld in die BRICS-ekonomieë belê eerder as die G7-ekonomieë. Lewer kommentaar oor hierdie advies en **gee** TWEE redes vir jou antwoord.

_____

_____

_____

_____

_____

(4)

IEB Copyright © 2024

6.2.3 Met verwysing na Bron 4, **identifiseer** DRIE gevorderde en DRIE ontluikende ekonomieë.

**DRIE gevorderde ekonomieë**

1. _____

2. _____

3. _____

**DRIE ontluikende ekonomieë**

1. _____

2. _____

3. _____

(6)

6.3 Bestudeer Uittreksel 2 en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Mededingingskommissie waarsku skole oor regstappe na 220 klagtes oor uniformaankope |

[Bron: <https://www.dailymaverick.co.za/article/2024-01-10-competition-commission>]

6.3.1 **Verduidelik** TWEE maniere waarop die Suid-Afrikaanse regering kan ingryp om markmislukking wat in die skooluniformbedryf plaasvind, te hanteer.

_____

_____

_____

_____

(4)

6.3.2 **Bespreek** of die pryselastisiteit van vraag na skooluniforms elasties of onelasties is.

_____

_____

_____

_____

(4)

IEB Copyright © 2024 

6.3.3 **Bespreek** enige TWEE faktore wat die pryselastisiteit van vraag vir skooluniforms in Suid-Afrika sal beïnvloed. Gebruik toepaslike voorbeelde om elke faktor te verduidelik.

(6)

**50 punte**

**Totaal: 300 punte**

IEB Copyright © 2024

**BYKOMENDE RUIMTE OM VRAE TE BEANTWOORD.**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE RUIMTE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT AL DIE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024